Die Voortrekkers

Posbus 12924, Hatfield, 0028
Francis Baardstraat 990, Hatfield
Tel 012 430 3914 / 082 856 2981
E-pos transvaal@voortrekkers.org.za
transvaal.voortrekkers.co.za

18 April 2019

Geagte besture van Oorde, Kommando's en Gebiedskampe

Transvaal Gebiedsjeugraad 2019/2020 keuring

Die tyd het aangebreek vir die aanstelling van die Gebiedsjeugraad 2019/2020 en Die Voortrekkers Transvaal nooi graag alle Voortrekkerbesture om kandidate te nomineer vir die proses.

Lede van die Gebiedsjeugraad het die volgende pligte:

1. Om 'n skakel te wees tussen die jeuglede van Transvaal en die gebiedsbestuur.
2. Om as spreekbuis van Transvaal se jeuglede op te tree.
3. Om aktiwiteite te beplan en te organiseer tot voordeel van die jeuglede van Transvaal.
4. Om effektief te kommunikeer met die kommando- en oordjeugleiers.
5. Om deel te neem aan besluite wat tot voordeel van die gebied en Die Voortrekkers is.

Alle genomineerde Verkenners moet aan al die bepalings van die grondwet, reglemente en lys van verantwoordelikhede van Die Voortrekkers voldoen alvorens hy/sy genomineer mag word.

Genomineerde Verkenners moet verkieslik in Graad 11 wees en hulself beskikbaar stel om gereeld vergaderings by te woon. Die volgende datums is is ook kern aan die funksie van die Gebiedsjeugraad:

17 – 19 Mei 2019	GJR Spanbou Naweek
25 Mei 2019	Gebiedsbestuurvergadering
5 Junie 2019	GJR Vergadering
6 Julie 2019	PV Gala-aand
10 Julie 2019	GJR Vergadering
7 Augustus 2019	GJR Vergadering
24 Augatus 2019	Gebiedsbestuurvergadering
4 September 2019	GJR Vergadering
7 September 2019	Voorslag Bemarkingsaktiwiteit
2 Oktober 2019	GJR Vergadering
26 Oktober 2019	Gebiedsbestuurvergadering
6 November 2019	GJR Vergadering
4 Desember 2019	GJR Vergadering

Alle nominasies word elektronies ingestuur by *http://bit.ly/gjr2019*. Nominasies sluit **Woensdag, 1 Mei 2019**.

Keuring vind plaas op **Saterdag, 4 Mei 2019** om **08:00** by **Dirkie Uys Voortrekkersentrum**, Laerskool Anton van Wouw, Brooklyn. Alle Genomineerde Verkenners moet die keuringsgeleentheid bywoon in aktiewe Voortrekkerdrag. Middagete word voorsien en kandidate word versoek om hulle eie bordesakke saam te bring.

Tydens die keuringsgeleentheid word die eerste kortlys van kandidate om 13:30 aangekondig.

Vir enige navrae ten opsigte van die keuringsgeleentheid, kontak my asseblief.

Dankie vir julle deelname aan die proses!

Jaco van der Walt
AGL: Verkennersake
jaco@vanderwalt.email
072 312 772

Gebiedsleier Zandria Machin
Gebiedsekretaris Elsa Schnetler
Adjunkgebiedsleiers Anita Bezuidenhoudt, Riaan du Preez, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg